

LAERSKOOL BELLPARK

Tel : (021) 919-0002

Faks : (021) 919-0411

E-pos : admin@bellpark.co.za (Algemeen)
accounts@bellpark.co.za (Rekeningnavrae)
fin@bellpark.co.za (Finansies)

Sandfordstraat

BELLVILLE

7530

Webblad : www.bellpark.co.za

Skool kommunikeerder : <http://www.school-communicator.com/download.php?schoolid=6710>

PROSPEKTUS

1. SKOOLBESTUUR

Skoolhoof	Mnr PW Louw	
Adjunkhoof	Mnr B van Wyk	
Departementshoofde	Me L Engelbrecht	
	Mnr M Mangiagalli	
	Mnr D Wentzel	
	Me C Knoetze	
	Me R Bothma	(Interne aanstelling)
	Me L Nel	(Interne aanstelling)

2. NORMALE BEDIENINGSGBIED

- 2.1 Oakdale (Noord van Wellingtonstraat)
- 2.2 Blomtuin
- 2.3 La Rochelle
- 2.4 Bellair en Oak Glen
- 2.5 Ridgeworth, Stellenridge, gedeelte van Stellenberg en Eversdal
- 2.6 Blommendal
- 2.7 Ander areas

3. SKOOLURE

Maandae tot Donderdae	Graad R	07:30 - 12:30
	Graad 1 & 2	07:30 - 12:50
	Graad 3-7	07:30 - 14:00
Vrydae	Graad R	07:30 - 12:30
	Graad 1-3	07:30 - 12:50
	Graad 4-7	07:30 - 13:30

4. ONS LEUSE : GROEI / GROWTH

Dit is ons begeerte en doelstelling dat elke leerder in hierdie skool nie net liggaamlik normaal sal groei en ontwikkel nie, maar veral ook geestelik, emosioneel en verstandelik sal **GROEI** sodat hy/sy, sy/haar plek in die lewe kan volstaan en 'n gelukkige tiener en volwassene sal wees.

5. SKOOLDOELSTELLINGS / MISSIE

- 5.1 Om by elke leerder 'n positiewe selfbeeld en gevoel van eiewaarde, selfvertroue, selfrespek en respek vir andere en vir gesag te ontwikkel.
- 5.2 Om die leerder die regte gesindhede, korrekte etiket en sosiale vaardighede te leer wat hom/haar in staat sal stel om goed in 'n steeds veranderende samelewing aan te pas.
- 5.3 Om by die leerder 'n begrip van die kultuur, godsdiens en geskiedenis van sy eie erfenis en dié van andere te kweek.
- 5.4 Om die leerder te help in die opbou van etiese en geestelike waardesisteme volgens godsdienslike norme.
- 5.5 Om die leerder te lei om deur die gebruik van die gawes van hoof, hart en hand, 'n sinvolle en nuttige bestaan te voer tot eie voordeel en dié met wie hy/sy in aanraking kom.
- 5.6 Om die potensiaal van elke leerder te bepaal en die onderrig so te gee dat die leerder optimaal kan ontwikkel.
- 5.7 Om die leerder, volgens vermoë, geestelik en fisies teen lewensaanslae voor te berei.
- 5.8 Om deur voorbeeld, gesprek, simpatieke maar besliste gesagsleiding en sinvolle opdragte aan die ontwikkelingsdrang van die leerder te beantwoord, sodat hy/sy in 'n veilige ruimte met selfvertroue die toekoms kan beleef.

6. VAKKE WAT AANGEBIED WORD (GRAAD 1-7)

Grondslagfase - Graad 1-3

- Huistaal
- Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde
- Lewensvaardighede

Intermediêre Fase - Graad 4-6

- Huistaal
- Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde
- Lewensvaardighede
- Sosiale Wetenskappe
- Natuurwetenskappe en Tegnologie

Senior Fase - Graad 7

- Huistaal
- Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde
- Lewensoriëntering
- Sosiale Wetenskappe
- Natuurwetenskappe
- Ekonomiese en Bestuurwetenskappe
- Skeppende Kunste
- Tegnologie

('n Skoolassesseringsplan sal op die Kommunikeerder beskikbaar wees.)

7. ANDER DIENSTE

7.1 Remediëring / Arbeidsterapie / Spraakterapie

Ons beskik oor 'n skoolgebaseerde ondersteuningspan onder leiding van die Leerondersteuningsopvoeder. Hul verleen individuele hulp waar nodig. Ander kundiges (bv. 'n maatskaplike werker/skoolsielkundiges) kan ook by die proses betrek word.

'n Arbeidsterapeut/Spraakterapeut bied op aanbeveling sessies by die skool aan. Verwysings word deur die SBST-span of opvoeders gedoen.

7.2 Skoolbiblioteek en Mediasentrum

Die skool beskik oor 'n goed toegeruste biblioteek/mediasentrum. Hierdie fasiliteit is tot die beskikking van elke leerder. Naslaanwerk en selfstudie kan op sekere tye hier gedoen word.

7.3 Rekenaaronderig – Learn IT

Die skool beskik oor 'n goed toegeruste rekenaarsentrum waar alle leerders, van Graad R–7, weekliks rekenaaronderig ontvang. 'n Vaste kurrikulum word deur die leerders gevolg. Navorsing vir projekte kan ook, onder toesig van die rekenaaronderwyseres, van die internet getrek word.

7.4 Individuele musiekonderig

Die skool beskik oor die diens van voltydse (geprivatiseerde) musiekonderwysers. Leerders word vanaf Graad 1 aanvaar. Verskillende pakkette is beskikbaar. Kontak bellparkmus@gmail.com vir verdere inligting.

7.5 Nasorg

Die Nasorgsentrum maak voorsiening vir leerders vanaf Graad R (pre-primêr) tot Graad 7 gedurende die kwartaal, asook skoolvakansies. Prospektusse is by die kantoor beskikbaar of op die skool se webblad.

Doel: Bellpark Nasorgsentrum is bedoel vir naskoolse sorg aan skoolgaande leerders van die Laerskool Bellpark.

Beheer en bestuur: Die Nasorgsentrum staan onder beheer van die verkose Beheerliggaam en word bestuur deur die Nasorghoof en 2 Dagbestuurslede. Die Adjunkhoof skakel deurlopend met die Dagbestuur.

Foie: Die foie vir bywoning van die Nasorgsentrum word deur die Beheerliggaam vasgestel en is maandeliks vooruitbetaalbaar.

Tye:	Voorsorg	Maandag – Vrydag	06:30 tot 07:30
	Nasorg	Maandag – Vrydag	12:30 tot 17:30

8. BESOEKAADE – VORDERING VAN LEERDERS

Ten minste drie formele ouersbesoeke word per jaar gereël. Ouers kry dan die geleentheid om die vordering van hul kind of enige ander sake met die betrokke onderwyser/es te bespreek. Hierdie gesprekke is vertroulik en word in 'n gees van mede-verantwoordelikheid en vennootskap gevoer. Dit geskied slegs per afspraak. Ouers mag egter enige ander tyd 'n afspraak met die onderwysers reël.

9. **BESOEKE AAN DIE SKOOL**

Ouers word versoek om die skoolsekretaresse te skakel wanneer hulle 'n afspraak met die hoof of enige ander personeel wil maak. Ouers moet asseblief aandui of die afspraak in verband met die leerder se skoolwerk, vordering, of ander sake is. Dit is noodsaaklik, en nie minder as billik, dat 'n onderwyser/es hom/haar vooraf oriënteer ten opsigte van dié gesprek nie.

10. **BETREDING VAN DIE SKOOLGRONDE**

Kennisgewings by die ingange van die skoolgrond bepaal dat die terrein nie sonder verlof betree mag word nie. Dit beteken dat niemand die skoolgrond as speelterrein, ontspanningsterrein, ens. kan gebruik nadat die normale bedrywighede gestaak is en die skoolgebou en -terrein gesluit is nie. Om die leerders veilig te hou, word die hekke om 7:30 gesluit. Besoekers en laatkommers word aangemoedig om by die hoofhek en ontvangs aan te meld.

11. **PARKERING EN VERVOER VAN LEERDERS DEUR OUERS**

Ouers moet nie by die hoofhek van die skool inry wanneer leerders afgelaai word nie. Dit ontwrig die verkeer. Ouers moet asseblief daarop let dat verkeersreëls oral streng nagekom moet word. Die skool kan nie vir boetes wat uit verkeersoortredings spruit, verantwoordelik gehou word nie. (Dit geld ook tydens karnavalle, sportverrigtinge, ens).

12. **GELDE BETAALBAAR**

Skoolfonds en Nasorgfooie

Die betaling van skoolgelde is nodig sodat die skool effektief kan funksioneer. Uitgawes soos vervoer, sportuitrusting en uitgawes wat nie deur die WKOD betaal word nie, moet uit die skoolfonds verhaal word. Hiervoor is ons van die ouers se verpligte bydrae afhanklik. Die fondse word deur die Beheerliggaam bepaal en beheer en word in direkte belang van u kind aangewend. Ouers wat finansiële nood ervaar, kan na ontvangs van 'n skriftelike aansoek, algeheel of gedeeltelik vrygestel word t.o.v. betaling

U word aangemoedig om gelde elektronies te betaal (**EFT**) of van die **debietorderstelsel gebruik te maak**. Kleiner bedrae, bv. Karnaval, civvies, kampe ens. kan deur middel van die **KARRI-TOEP** betaal word.

Neem asb. kennis dat die skoolgelde en nasorggelde in dieselfde rekening inbetaal word. Gebruik asseblief u unieke rekeningnommer vir skoolgelde en nasorggelde soos op u staat aangedui.

SKOOLFONDS EN NASORGFOOIE:	Reknaam:	Laerskool Bellpark
	Bank:	ABSA
	Takkode:	632005
	Rekno:	145 049 0217
	Verw:	Unieke verwysingsno. soos op rekeningstaat

Musiekfooie word deur middel van 'n elektroniese betaling aan **DUP Musiek** gemaak.

Alle gelde kan daagliks in 'n duidelik gemerkte kovert by die kantoor in die posbus geplaas word. Kwitansies sal deur die finansiële sekretaresse uitgereik en aan die kind besorg word.

VERDERE INLIGTING RAKENDE SKOOLFONDS BESIKBAAR BY DIE KANTOOR.

13. BYWONING

Leerders wat by die skool ingeskryf is, is verplig om die skool gereeld by te woon. Indien 'n leerder afwesig is, word aanvaar dat hy/sy siek is. Leerders wat afwesig was, moet egter 'n brief en mediese sertifikaat, wat die rede/s verstrek, saambring en aan die betrokke opvoeder met hul terugkeer na die skool oorhandig.

Afwesigheid tydens assessering: Indien 'n leerder afwesig is tydens 'n assessering of eksamen, moet 'n mediese sertifikaat by die betrokke opvoeder ingehandig word met die leerder se terugkeer na die skool.

14. SPORT

14.1 Skoolsport

Die skool bied die geleentheid vir deelname aan verskeie sportsoorte:

SOMER:	Tennis; Krieket; Atletiek; Swem
WINTER:	Rugby; Hokkie; Netbal; Landloop
DWARSDEUR DIE JAAR:	Skaak

Daar word verwag dat elke leerder ten minste aan een winter- en een somersport sal deelneem. Daar word verder verwag dat elke leerder vir 'n beperkte tyd aan atletiek vir sy/haar kleurspan sal deelneem. Ons kleuresportbyeenkoms word in die 4^{de} kwartaal gehou. 'n Mini-byeenkoms vir die Grondslagfase word vroeg in die 1^{ste} eerste kwartaal gehou om die atletiekspan te finaliseer.

Indien 'n leerder nie aan sport mag deelneem nie, moet hy/sy 'n brief of mediese sertifikaat voorsien.

Afrigting van die onderskeie sportspanne vind na skool plaas. 'n Sportprogram en wedstrydbepalings word elke kwartaal aan leerders voorsien.

14.2 Kleredrag tydens en na sportoefeninge

14.3.1 Voorgeskrewe sportdrag is verpligtend vir alle leerders.

14.3.2 Leerders mag na sport in sportklere huis toe gaan.

14.3.3 Skoolsweetpakke: Verkrygbaar by die amptelike verskaffers/klerebank.
(Sien afdeling oor skooldrag).

14.3 Waardevolle artikels

Kleedkamers word nie gedurende sportoefeninge gesluit nie, daarom moet waardevolle artikels vir veilige bewaring aan die onderwyser oorhandig word.

14.4 Ander

By die skool word 'n verskeidenheid geprivatiseerde aktiwiteite aangebied. Verdere inligting is by die kantoor beskikbaar.

15. KULTUUR

Ons leerders kry baie blootstelling t.o.v. aktiewe betrokkenheid by 'n verskeidenheid kulturele aktiwiteite soos bv. koor, Revue, Eisteddfod ens. Erkenning word ook aan leerders gegee t.o.v. verworwe prestasies.

16. ALGEMEEN

Leerders se gedrag, hul voorkoms en gedissiplineerdheid is van groot belang. Leerders behoort ten alle tye so op te tree dat hulle die trots van hul skool sal wees. Vriendelikheid, goeie maniere, hardwerkendheid en hulpvaardigheid behoort uitstaande kenmerke van ons leerders te wees. Die volgende skoolreëls is belangrik. 'n Volledige kopie van die skool se gedragskode is in die leerders se huiswerkboeke beskikbaar.

17. HUISHOUDELIKE REËLS

17.1 Voorkoms van leerders / haarstyle

Die persoonlike voorkoms en kleredrag van leerders moet netjies wees en aan skoolreëls voldoen.

17.1.1 Seuns se hare mag nie oor die hemp se kraag hang, of/en onnet om die ore wees en in die oë hang nie.

17.1.2 Indien dogters lang hare dra, moet dit vasgebind wees met wit of donkerblou rekkies of linte sodra die hare aan die kraag raak.

17.1.3 Geen byderwetse haarstyle, soos byvoorbeeld 'n "step, "English cut" geskeerde strepe, "highlights" en "punk", wat afbreek aan die eenvormigheid, netheid en dissipline van die skool doen, sal toegelaat word nie.

17.1.4 Slegs die amptelike somer- en wintersdrag mag gedra word en geen afwyking hiervan, sonder verlof, is toelaatbaar nie.

17.2 Juweliersware

17.2.1 Geen versierings, hangertjies, ringe, neusringe, tongringe, naeltjeringe, ens. by skooldrag nie. Behalwe horlosie, mag slegs 'medic alert' hangertjie/armband gedra word. Geen plastiek arbande word toegelaat nie.

17.2.2 Ooringe: slegs goue of silwer 'studs' (3 mm in deursnee), 'sleepers' (1 cm in deursnee) mag gedra word en slegs een in elke oor en dan in die onderste gaatjie van die oorlel. Slegs van toepassing by meisies. Seuns – geen ooringe.

17.2.3 Geen vreemde voorwerpe om 'gaatjies' oop te hou of pleisters bo-oor ooringe word toegelaat nie.

17.2.4 Onaanvaarbare juweliersware sal afgeneem en in die kluis gebêre word tot die einde van die betrokke kwartaal. Onderwyser plaas dit in 'n koevert met leerder se naam en graad daarop. Dit word dan in die kluis, in 'n houer soos aangewys deur die sekretaresse, gebêre.

17.3 LAPELWAPENS

Slegs lapelwapens wat 'n prestasie of betrokkenheid in skoolverband aandui en deur die klerekomitee goedgekeur is, mag gedra word. Geen ander voorwerpe word op die baadjie toegelaat nie.

17.4 NAELS

Moet te alle tye kort en skoon wees. Mag nie langer as die vingerpunte wees nie.

17.5 GRIMERING

Geen grimering (oogpotlood, onderlaag, maskara, ens.) mag saam met enige van die amptelike skooldrag of sportdrag gedra word nie.

17.6 KOUGOM

Die kou van kougom word nie in die skool toegelaat nie.

18. GEDRAG EN OPTREDE VAN LEERDERS

- 18.1 Leerders moet die skool tydens die vasgestelde skoolure stiptelik bywoon. 'n Leerder mag nie gedurende skoolure, sonder verlof van die skoolhoof, uit 'n klas afwesig wees of die skoolterrein verlaat nie. In geval van afwesigheid moet die ouers 'n rede aan die skoolhoof verstrek. Laatkommers moet by die sekretaresse aanmeld voordat hulle na die klasse gaan.
- 18.2 Terwyl 'n leerder onder die skool se toesig is, mag hy/sy nie 'n mede-leerder se liggaamlike welsyn benadeel of in gevaar stel nie, en mag hy/sy nie wapens, speelgoed of stowwe wat liggaamlike beserings kan veroorsaak, in sy/haar besit hê nie.
- 18.3 Geen leerder mag op die skoolterrein of in die skoolgeboue rook nie.
- 18.4 Terwyl hy/sy onder die skool se toesig is, mag 'n leerder nie dwelmmiddels, alkoholiese drank, aanstootlike leesstof of materiaal in sy/haar besit hê nie, of aan 'n ander leerder gee nie.
- 18.5 Afknouery(boeliegedrag), kru taal, opsetlike beskadiging van eiendom of vandalisme word nie toegelaat nie.
- 18.6 Skooleiendom, of ander se besittings by die skool mag nie beskadig, ontsier of besoedel word nie. Die ouers sal vir die skade verantwoordelik gehou word.
- 18.7 'n Leerder mag nie sonder die skoolhoof se verlof, 'n selfaangedrewe voertuig op die skoolterrein bestuur of parkeer nie. Fietsry op die skoolterrein is ook verbode.

19. DEELNAME AAN DIE SKOOLPROGRAM

- 19.1 'n Leerder moet deelneem aan die opvoedingsprogram soos deur die Onderwysdepartement voorgeskryf, tensy vrystelling deur die Departement verleen is.
- 19.2 Wanneer 'n leerder hom/haar vrywillig by 'n buitemuurse skoolbedrywigheid aangesluit het, moet hy/sy sy/haar verpligtinge en verantwoordelikhede in verband daarmee stiptelik nakom, tensy hy/sy deur die skoolhoof daarvan vrygestel word.
- 19.3 Leerders mag geen fasiliteite en toerusting van die skool, insluitende dié vir sport, buite skoolure sonder toestemming van die skoolhoof gebruik nie en mag nie buite skoolure sonder verlof van die skoolhoof, die skoolterrein betree nie.
- 19.4 Geen leerder mag minagting teenoor die Republiek van Suid-Afrika se nasionale simbole of die skool se kodes openbaar nie. Geen leerder mag op enige wyse die naam van sy/haar skool oneer aandoen nie.

20. VOORSKRIFTE VIR SKOOLDRAG

Opgestel deur die Skooldragkomitee en goedgekeur deur die Beheerliggaam:

DOGTERS - SOMERDRAG (1ste & 4de Kwartaal)

- Hemp - wit kortmouhemp sonder sakwapen
- Trui - donkerblou (navy); v-nek / moulose oortrektrui met sakwapen op linkerbors
(Geen tuisgebreide trui word toegelaat nie)
- Rok - donkerblou sespant rok met v-nek en skoolwapen op linkerbors sonder lyfband
- Kouse - kort wit sokkies sonder strepe
- Skoene - swart met enkelband oor voetbrug en gespe / toeryg is verpligtend.
(Geen soortgelyke ontspanningskoene word toegelaat nie)
- Skoolbaadjie-donkerblou met skoolwapen. Dit vorm deel van die skooldrag winter en somer

DOGTERS - WINTERDRAG (2de & 3de Kwartaal)

- Hemp - wit kortmouhemp sonder sakwapen
 Trui - donkerblou (navy) ; v-nek / moulose oortrek trui met sakwapen op linkerbors
 (Geen tuisgebreide trui word toegelaat nie)
 Rok - donkerblou sespant rok met v-nek en skoolwapen op linkerbors sonder lyfband
 Kouse - grys knie-lengte kouse met skoolkleure / donkerblou broekiekouse
 Langbroek - slegs grys dogterssnit is toelaatbaar. Die broek is nie 'n verpligte deel van die
 skooldrag nie
 Skoene - swart met enkelband oor voetbrug en gespe / toeryg is verpligtend. (Geen
 soortgelyke ontspanningskoene word toegelaat nie.)
 Skoolbaadjie-donkerblou met skoolwapen. Dit vorm deel van die skooldrag winter en somer

SEUNS - SOMERDRAG (1ste & 4de Kwartaal)

- Hemp - wit kortmouhemp met sakwapen op linkerbors
 Trui - donkerblou (navy); v-nek / moulose oortrektrui met sakwapen op linkerbors
 (Geen tuisgebreide trui word toegelaat nie)
 Broek - grys kortbroek / langbroek met swart gordel
 Kouse - grys knie-lengte kouse met skoolkleure
 Skoene - swart toerygskoene is verpligtend. (Geen soortgelyke ontspanningskoene word
 toegelaat nie)
 Skoolbaadjie-donkerblou met skoolwapen. Dit vorm deel van die skooldrag winter en somer

SEUNS - WINTERDRAG (2de & 3de Kwartaal)

- Hemp - wit kortmouhemp met sakwapen op linkerbors
 Trui - donkerblou (navy) ; v-nek / moulose oortrek trui met sakwapen op linkerbors
 (Geen tuisgebreide trui word toegelaat nie)
 Broek - grys kortbroek / langbroek met swart gordel
 Kouse - grys knie-lengte kouse met skoolkleure
 Langbroek - slegs grys seunssnit is toelaatbaar. Die broek is nie 'n verpligte deel van die
 skooldrag nie
 Skoene - swart toerygskoene is verpligtend. (Geen soortgelyke ontspanningskoene word
 toegelaat nie)
 Skoolbaadjie-donkerblou met skoolwapen. Dit vorm deel van die skooldrag winter en somer

21. VOORSKRIFTE VIR SPORTDRAG

- LO** Dogters : donkerblou skort en nuwe sporthemp
 Seuns : donkerblou LO-broekie en nuwe sporthemp
- Rugby** donkerblou (navy) LO-broekie met voorgeskrewe geborgde rugbytrui
- Krieket** donkerblou (navy) LO-broekie met nuwe sporthemp. Grys knie-lengte kouse
 met skoolkleure en verkieslik oorwegend wit drafskoene
- Landloop** donkerblou (navy) LO-broekie met nuwe sporthemp / atletiekfrokke
- Atletiek** donkerblou (navy) LO-broekie met nuwe sporthemp / atletiekfrokke
- Tennis** LO-broekie / skort en nuwe sporthemp, wit sokkies en oorwegend wit
 drafskoene
- Netbal** donkerblou skort en nuwe sporthempie ; wit kort katoenmengsel sokkies en
 oorwegend wit drafskoene
- Swem** Seuns en dogters dra donkerblou kostuums; donkerblou swempette is
 verpligtend vir seuns en dogters

Hokkie Seuns: donkerblou kortbroek en nuwe sporthemp met donkerblou knie-lengte hokkiekouse met geel strepe en hokkie-/drafskoene
Dogters: donkerblou skort en nuwe sporthempie met donkerblou knie-lengte hokkiekouse met geel strepe en hokkie-/drafskoene (O/14-seuns en -dogters dra 'n geborgde hemp)

Skoolsweetpak Huiskleure word hierin vervat en is deel van sportdrag

Skooltas Donkerblou – Verpligte skooltas sleg beskikbaar by die School & Leisure shop.
(Geen skooltas met wieletjies word toegelaat in die gange toegelaat nie)

LEWERANSIERS VAN SKOOLDRAG & SPORTDRAG

De Jagers Gihon-gebou, Hoek van Bill Bezuidenhoutlaan en Sporticaweg
BELLVILLE, 7530
Tel. 021 914 7816

School & Leisure Winkel 13, Willowbridge Noord, Carl Cronje Rylaan 39
TYGERVALLEI, 7530
Tel. 021 914 0495

Klerebank by skool Maandae en Dinsdae - 07h15 tot 08h00

SKOOLIED

***Oorskadu deur ou Tafelberg,
Aan ons mooi stad se rand -
Staan fier en trots 'n skool so mooi;
'n Sieraad vir ons land.
Met kennis word ons Jeug verryk,
Niks sal dit ooit kan skaad.
'n Mooi gesindheid opgebou.
Wat staan in woord en daad!***

***Bellpark, Bellpark!
Die trots van ons as jeug;
Bellpark, Bellpark!
Oor jou sing ons verheug -
Jou grote faam en goeie naam
is ver en wyd bekend,
Bellpark, Bellpark!
Ons sal jou naam nooit skend.***